

## 2. Die Geskiedenis van Jesus



Jesus is die "Ster" van die drama van boek Openbaring. Die hoofdoel van die boek is om ons te help om Jesus in 'n wonderlike nuwe lig te sien. Die naam Openbaring beteken "bekendmaking" of "onthulling". Die eerste vyf woorde maak dit duidelik dat dit die Openbaring van Jesus Christus is. Jesus en sy grootse, liefdevolle planne vir ons word dus onthul en bekend gemaak in die boek Openbaring. Ons moet op die uitkyk wees vir Jesus in ons studie van Openbaring. Jesus is gretig en gereed om sy spesiale seëninge op ons uit te stort terwyl ons Openbaring, sy spesiale boek, bestudeer.

Laat ons dan, met 'n gebed in ons hart, sommige van die aangrypende waarhede aangaande Jesus ontdek soos dit aan die lig kom in Openbaring, die laaste boek van die Bybel.

### 1. HOEVEEL NAME OF TITELS HET JESUS?

a. "Die openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het," **Openbaring 1:1**

b. "en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed." **Openbaring 1:5**

c. "En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatíre: Dít sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper:" **Openbaring 2:18**

d. "en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is."

**Openbaring 5:8**

e. "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou."

**Openbaring 17:14**

f. "En Hy was bekleed met 'n kleding wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God." **Openbaring 19:13**

g. "Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige." **Openbaring 1:8**

h. "En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:" **Openbaring 3:14**

Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester." Openbaring 22:16

Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek." Openbaring 5:5



**Antwoord:** Jesus word minstens 37 name of beskrywende titels in Openbaring genoem. Hierdie name of titels word meer as 250 keer in Openbaring gebruik. : Jesus word genoem: Jesus Christus, Getroue Getuie, Seun van God, Lam, Die Here van die here, Koning van die konings, die Woord van God en nog baie meer.

## 2. HOE BESKRYF OPENBARING JESUS?



"en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleeed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters. En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag. En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." **Openbaring 1:13-18**

### **Antwoord:**

- a. Kleed tot op Sy voete
- b. Sy hare was wol, soos sneeu
- c. Oë soos 'n vuurvlam
- d. Voete soos blink koper
- e. Stem soos baie waters
- f. Gesig wat skyn soos die son in sy krag

Beide Johannes en Daniël het op die grond geval toe hulle Hom sien. "En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste." **Openbaring 1:17**

"het ek my oë opgeslaan, en daar sien ek 'n man met linne bekleed, en sy heupe was omgord met goud van Ufas." "En ek het die geluid van sy woorde gehoor, en toe ek die geluid van sy woorde hoor, het ek bewusteloos op my aangesig, met my aangesig op die aarde, geval." **Daniël 10: 5, 9**

## 3. WAT HET JESUS VIR ONS GEDOEN??

"en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed" **Openbaring 1:5**

**Antwoord:** Hy het ons lief gehad en vir ons sondes gesterf.



## 4. WATTER TITELS HET JESUS AAN ONS GEGEE?



"en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader" **Openbaring 1:6**

**Antwoord:** In Ou-Testamentiese tye moes mense God deur 'n priester nader, maar Jesus het dit verander. Hy het ons almal priesters gemaak sodat ons Hom direk kan nader. Wonderlik!


## 5. WAAROM IS JESUS WAARDIG OM ONS TE VERLOS

“en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met sifers en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: **U is waardig** om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof.” **Openbaring 5:8, 9, 12**

**Antwoord:** Daar word 26 keer in Openbaring na Jesus verwys as 'n “Lam”. Soos Johannes die Doper gesê het, is Jesus die Lam van God wat die sonde wegneem. **Joh. 1:29**. In Ou-Testamentiese tye is lammers geoffer wanneer mense gesondig het. Hierdie lammers het Jesus, die Lam van God, voorgestel wat ons plek aan die kruis geneem en vir ons sondes gesterf het.



## 6. WANNEER IS JESUS SE OFFER BEPLAN?



“omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil,”  
**1 Petrus 1:18-20**

**Antwoord:** Van die grondlegging van die aarde af.

## 7. HET JESUS VOOR SY GEBOORTE IN BETLEHEM BESTAAN?

“En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde.” **Openbaring 21:6**

“En hy het vir my gesê: Hierdie woorde is betroubaar en waaragtig; en die Here, die God van die heilige profete, het sy engel gestuur om sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur. Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.” **Openbaring 22:6, 7**

As Jesus die Here, die God van die heilige profete is, dan is Hy die een wat die profete geïnspireer het.

Die apostel Petrus bevestig hierdie waarheid.

“Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna.”

**1 Petrus 1:10**

“En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was. Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.”

**Johannes 17:5, 24**

“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.” **Johannes 1:1-3**

“Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seënninge in die hemele in



Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees," **Efesërs 1:3, 4**

**Antwoord:** Jesus het dus ook, net soos God, met die grondlegging van die aarde alreeds bestaan en was ook die skepper van die aarde.

## 8. WIE WAS GOD SE DEELGENOOT AAN DIE SKEPPING?



"En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:" **Openbaring 3:14**

"U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape."

**Openbaring 4:11**

"Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het."

**Hebreërs 1:1-2**

"Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie." **Johannes 1:10**

"want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en on sienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte--alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape." **Kolosense 1:16**

"en vir almal aan die lig te bring wat die gemeenskap is van die verborgenheid wat van alle eeue af verborge was in God wat alles geskape het deur Jesus Christus," **Efesiërs 3:9**

**Antwoord:** Jesus was die Skepper van die wêreld

## 9. IS JESUS GOD?

"En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God. En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.

En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige. En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here." **Openbaring 19:13-16**

"In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." " En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon--en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom--vol van genade en waarheid." **Johannes 1:1, 14**

"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid." **1 Timotheüs 3:13**


"Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het. **Titus 3:4**

"maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is 'n regverdige septer;" **Hebreërs 1:8**

**Antwoord:** In Openbaring word Jesus die Woord van God genoem Johannes verduidelik dat die "Woord" Jesus is en dat Hy inderdaad God is.



## 10. HOE KAN ONS VASSTEL DAT JESUS DIE MESSIAS WAS?



“En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.” **Lukas 24:27**

**Antwoord:** Behalwe die bewys van Sy lewe en dood, bevestig Bybelprofesie dat Jesus die ware Messias was. Meer as 500 jaar voordat Jesus uit Maria gebore is, het Daniël 'n merkwaardige profesie gegee wat akkuraat die jaar voorspel het wanneer Jesus as die Messias sou verskyn. Kom ons kyk nou na hierdie profesie.

## 11. WANNEER HET HIERDIE PROFESIE IN AANVANG GENEEM?

“Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. Nou moet jy weet en verstaan: **van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel** en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.” **Daniël 9:24-27**



**Antwoord:** God se volk was bannelinge in Persië, en God het koning Artasásta beïndruk om 'n dekreet uit te vaardig wat die Jode toegelaat het om in 457 vC terug te keer en Jerusalem te herbou. Hierdie dekreet vind ons in **Esra 7:7, 8, 12, 13** en het in die herfs van daardie jaar plaasgevind. “Ook van die kinders van Israel en van die priesters en die Leviete en die sangers en die poortwagters en die tempelbediendes het na Jerusalem opgetrek in die sewende jaar van koning Artasásta. En hy het in Jerusalem gekom in die vyfde maand; dit was die sewende jaar van die koning. Artasásta, die koning van die konings, aan die priester Esra, skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, volkome vrede! En nou deur my is bevel gegee dat elkeen van die volk van Israel en van sy priesters en Leviete wat in my koninkryk gewillig is om na Jerusalem te trek, met jou mag saamtrek;” **Esra 7:7, 8, 12, 13 Artasasta, 465-425 vC (Encarta)**

## 12. HOE LANK DAARNA SOU DIE MESSIAS VERSKYN?



"Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid. En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings."


**Daniël 9:25, 26**

**Antwoord:** Van die dekreet tot die Messias was 69 weke. Tyd in profesie is simbolies. God sê in Esegieël 4:6 dat elke dag as 'n jaar getel moet word. "En as jy met hierdie dae klaar is, moet jy, vir die tweede keer, op jou regterkant gaan lê en die ongeregtigheid van die huis van Juda dra, veertig dae lank: vir elke jaar lê Ek jou een dag op." Esegieël 4:6. Nege en sestig profetiese weke is dus gelyk aan 483 profetiese dae ( $69 \times 7 = 483$ ) of 483 letterlike jare. Jesus sou dus na 483 jaar verskyn.

## 13. HET DIE MESSIAS 483 JAAR NA DIE DEKREET VERSKYN

"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal... **Daniël 9:24**

... van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op 'n Gesalfde, 'n Vors, is sewe sewetalle; en twee en sestig sewetalle .... " **Daniël 9:25**



"met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was." **Handeling 10:38**

Messias" is Hebreeus vir "Gesalfde", en "Christus" is Grieks vir "Gesalfde". Hoewel Jesus die Seun van God was, was Hy nie die "Messias" of "Gesalfde" tot Hy by Sy doop met die Heilige Gees gesalf is nie. Toe het Sy bediening begin.

"En toe die hele volk gedoop en Jesus ook gedoop is, en Hy besig was om te bid, het die hemel oopgegaan; en die Heilige Gees het in liggaamlike gedaante soos 'n duif op Hom neergedaal; en 'n stem het uit die hemel gekom wat sê: U is my geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehag. En Hy, Jesus, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het; en Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef, die seun van Eli," **Lukas 3:21-23**

En in die vyftiende jaar van die regering van keiser Tibérius, toe Pontius Pilatus goewerneur was van Judéa en Herodes viervors van Galiléa, en Filippus, sy broer, viervors van Ituréa en die land Trachonítus, en Lisánias viervors van Abiléne, tydens die hoëpriesterskap van Annas en Kájafas, het die woord van God gekom tot Johannes, die seun van Sagaría, in die woestyn. En hy het gekom in die hele omtrek van die Jordaan en die doop van bekering tot vergifnis van sondes verkondig; **Lukas 3:1-3**

Geskiedenis bevestig dat die vyftiende jaar van keiser Tiberius die jaar 27 nC was.

#### 14. HOE LANK SOU DIE JODE 'n BEGUNSTIGDE VOLK WEES?

"Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf."

**Daniël 9:24**

**Antwoord:** Sewentig sewetalle of weke ( $70 \times 7 = 490$  jaar). Hierdie profesie het vir die Joodse volk gesê dat God hulle 490 jaar vergunningstyd sal gee.



#### 15. WANNEER SOU JESUS GEKRUISIG WORD?

"En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings. En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woens is, uitgestort word." **Daniël 9:26, 27**



**Antwoord:** Daniël sê hier dat Jesus in die helfte van die laaste, of sewentigste, week "uitgeroei" sou word. Een helfte van 7 jaar is  $3\frac{1}{2}$  jaar. Tel  $3\frac{1}{2}$  jaar by die herfs van 27 nC en jy kom by die lente van 31 nC, toe Jesus gekruisig is. Jesus het "die slagoffer en spysoffer laat ophou" omdat Hy, as die Lam van God geslag is, en Sy dood aan die kruis het diereoffers onnodig gemaak. "Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees--soos julle inderdaad ongesuur is--want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus."

**1 Korinthiërs 5:7**

#### 16. NA WATTER PROFESIE HET JESUS IN MARKUS 1:15 VERWYS?

"en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."

**Markus 1:15**

**Antwoord:** Dit verwys na die profesie in Daniël 9:26, 27. Jesus het sy bediening begin met die duidelike bewustheid dat die tyd wat voorspel was, aangebreek het, en Sy bediening van  $3\frac{1}{2}$  jaar sal daarop uitloop dat Hy "uitgeroei" of gekruisig word, "sonder iets vir Hom", maar vir jou en vir my.



## 17. 'n Paar profesieë en hulle vervulling

Profesie	Onderwerp	Vervulling
Miga 5:2	Gebore in Betlehem	Matthéüs 2:6
Psalm 22:19	Lot gewerp oor Sy kleed	Johannes 19:23,24
Sagaría 9:9	Intog op 'n donkie	Matthéüs 21:6-9
Psalm 41:10	Verraai deur 'n vriend	Johannes 13:21,26
Sagaría 11:12	Verkoop vir 30 silwerstukke	Matthéüs 26:14,15
Sagaría 11:13	Koop die pottbaker se grond	Matthéüs 27:5-7
Jesaja 53:7	Jesus stil voor sy aanklaers	Matthéüs 27:12
Jesaja 53:12	Gekruisig as misdadiger	Lukas 23:33

Ons het nou gekyk na 8 profesieë aangaande Jesus.

As ons nou net hierdie 8 neem, wat is die waarskynlikheid dat al 8 presies vervul kan word?

Peter Stoner - "Science Speaks"

Stoner sê dat as jy die moderne wetenskap van waarskynlikheid toepas op slegs hierdie 8 profesieë, vind ons dat die kans dat enige man sou lewe tot vandag toe en al agt hierdie profesieë sou vervul een uit  $10^{17}$  is

In syfers lyk  $10^{17}$  so: 100,000,000,000,000,000

Om hierdie verstommende waarskynlikheid te probeer verstaan verduidelik Stoner dit so: Kom ons neem  $10^{17}$  silwer dollars en sit hulle neer op die oppervlak van die staat Texas. Dit sal die hele staat bedek – twee voet diep. Merk nou een van hierdie silwer dollars en roer die hele klomp behoorlik deurmekaar, oor die hele staat. Blinddoek iemand en sê dat hy die gemerkte een moet vind. Jesus het nie net 8 profesieë vervul nie, maar meer as 300!

## 18. WAS JESUS SE DOOD VIR ALMAL?



"En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld." **1 Johannes 2:2**

**Antwoord: ja**, Hy het vir die sonde van die HELE wêreld gesterf. Mense van alle rasse kan deel van God se uitverkore volk word deur Jesus as hulle Heer en Heiland aan te neem.

## 19. WAAROM HET JESUS AAN DIE KRUIS GESTERF?

"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." **Johannes 3:16**

**Daniël 9:26** sê dat Jesus "uitgeroei word, maar SONDER IETS vir HOM". Hoe waar! SY dood was vir ONS.

"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." **Openbaring 3:20**



**WAT SAL ONS ANTWOORD WEES?**



## Ten Slotte – NB !!!

Ek het hierdie studie uit die Bybel saamgestel met die lig tans tot my beskikking. Mense kan hiervan verskil en ek sal graag wil weet van **Bybelse** bewyse waar ek dalk mag dwaal of verkeerd is. Laat weet my asseblief by onderstaande kontak besonderhede, sodat ons kan saamwerk om die Woord van God en Sy volle waarheid te kan verkondig. Ek glo ook dat daar nie kopiereg op die Woord van God geplaas kan word nie, so dupliseer en versprei hierdie dokument asseblief as u meen dit is Bybels korrek. Bybeltekse aangehaal uit die Afrikaanse 1953 vertaling.

Fanie Fourie	Selfoon	Fax	E-Pos
Posbus 493	072 500 3934	086 573 3934	fanie@dievollewaarheid.org
Christiana, 2680			